**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 22 JANUARIE 2023**

# DERDE SONDAG NÁ EPIFANIE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Opening van die kategese***
***(Kleuterkerk, Kinderkerk en Senior Kategese)***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 5:1-12; Miga 6:1-8;**
**Psalm 15; 1 Korintiërs 1:18-31**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 22 JANUARIE** | |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Chris Barnardo<br>Deuroffer ten bate van: Bybel-Media<br>Erediensspan 4 – Neels Kruger |
| Na Oggenddiens | Registrasie van alle katkisasiegroepe in die saal<br>Kleuterkerk, Kinderkerk, Senior Kategese en Belydenisklas |
| **MAANDAG, 23 JANUARIE** | |
| | WEEK VAN GEBED |
| 09:30 | Gebedsbyeenkoms by kerk |
| **DINSDAG, 24 JANUARIE** | |
| | WEEK VAN GEBED |
| 09:30 | Gebedsbyeenkoms by kerk |
| **WOENSDAG, 25 JANUARIE** | |
| | WEEK VAN GEBED |
| 09:30 | Gebedsbyeenkoms by kerk |
| 19:00 | Kerkraad vergader in konsistorie |
| **DONDERDAG, 26 JANUARIE** | |
| | WEEK VAN GEBED |
| 09:30 | Gebedsbyeenkoms by kerk |
| | Sopbeurte: Miemie sal betrokkenes kontak |

| VRYDAG, 27 JANUARIE | |
|---|---|
| | WEEK VAN GEBED |
| 09:30 | Gebedsbyeenkoms by kerk |

| SATERDAG, 28 JANUARIE |
|---|
| |

| SONDAG, 29 JANUARIE | |
|---|---|
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Straatwerk<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |

# VAKANSIENUUS

Die volgende lidmate was siek en/of in die hospitaal

- Theo Boshoff
- Anna van Wyk
- Petro Combrinck

Die volgende lidmate is oorlede

- Kotie Ras
- Frikkie Rust



Die volgende lidmate het geliefdes aan die dood afgestaan

- Patrick van der Vyver en Baby Robberts – broer
- Hermien de Kock – moeder
- Ingrid Maartens - suster

Ruan, seun van André en Ronel Marais is getroud met Hannah.

# GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Wessel De Kock vanaf Oudtshoorn.
   Annalien, Dawie en Da-Vanté van Papendorp vanaf Kuilsrivier-Digtebij.
2. Susan Koen (Van Aardestraat), Riana van Niekerk se suster, is tans in die hospitaal, sy het slegte nuus oor haar gesondheid ontvang.
3. John Marais (Brackenfell) is tans in die hospitaal.
4. Theo Lombaard (Othello) is tans in die hospitaal.
5. Elzeth Loots (Skoolstraat) se swaer is oorlede.
6. Maartin Oliver (Zevenzicht) se kleinseun, Reuben, is vir die o/12 Blou Bulle gekies om aan 'n 7's internasionale toernooi in Frankryk te gaan deelneem.
7. Christine Myburgh (Lanzeracstraat) se skoonsuster is oorlede. Ons bid vir haar in hierdie tyd van verlies.
8. Miemmie Myburgh (Manatoka Laan) het baie goeie nuus oor haar gesondheid ontvang.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Bybel-Media (BM)**

Bybel-Media (BM) ontsluit die Bybel deur media. Ons versprei geestelike materiaal oor die hele Suid-Afrika en Namibië deur middel van boeke, video's en opleidingskursusse. Ons hoofkantoor is in Wellington gesetel.

BM het reeds en wil steeds 'n groot bydrae lewer om mense se geestelike lewe te verryk en God se koninkryk uit te bou – hier in Suid Afrika én buite ons landsgrense. Benewens geestelike hulpmiddels soos Bybelstudie-, kategese- en kleingroepmateriaal, verskaf BM ook die Liedboek-, Vonkk- en Flam-musiek. Verder is BM betrokke by die Gevangenisbediening, Vroeëkinderontwikkeling en praktiese teologiese opleiding aan geestelike leiers uit die Onafhanklike Afrika-kerke deur middel van die Sokhanya- en Nehemia-Bybelkursusse.


BM – as 'n niewinsgewende organisasie – is grotendeels van donasies en erflatings afhanklik om al bogenoemde dienste te kan lewer. Daar word dikwels gesê dat elke druppel water nodig is om 'n emmer vol te maak. So is elke bydrae nodig om te sorg dat die werksaamhede van BM volhoubaar bly en doeltreffend gedoen kan word. Om met jou finansiële bydrae 'n verskil in ander mense se lewe te maak is 'n voorreg. Dit bied nie net aan jou die geleentheid om menselewens te verryk nie, maar ook om self verryk te word deur jou welwillendheid. Lukas, die Evangelieskrywer, onderstreep hierdie gedagte in Handelinge 20:35c wanneer hy sê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."

Baie dankie vir elke donateur se welwillendheid, meelewing en bydraes. Dit herinner aan die woorde van Winston Churchill: "Ons maak 'n bestaan deur wat ons ontvang, maar ons skep 'n lewe deur wat ons gee."

Wil jy 'n bedieningsvennoot van Bybel-Media word? Só kan ons die Bybel deur die media vir miljoene mense ontsluit.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

22/01 Joanine van Schalkwyk
23/01 Ben Welman, Michal de Kock, Jurie Kennedy, Eldrich Paulsen
24/01 Johan de Jager(90), Anna du Toit(84), Sanet Spies, Jakes Jacobs, Alta le Roux, Nicky de Villiers, Zander Boshoff
25/01 Lynri Snyder, Cecile Visser, Fritz van Wyk, Alta Rademeyer, Mia en MJ Erasmus, Emile Reid
26/01 Deon van Dorp, Ronelle Engelbrecht, Lee-Ann Lambrechts
27/01 Francois Joubert, Hennie van Geems(85), Hein Pienaar
28/01 Deola Graham



# DE EIKE KOSMANDJIE

DIE KOSMANDJIE- is 'n projek van die Getuienisaksie, wat probeer om 'n positiewe verskil in ander se lewens te maak - Sy hande en voete te wees.

**Jy kan help deur op te let** na mense in jou omgewing: het hul 'n krisis of nood? Meld dit aan jou Blokleier, sodat die Kosmandjie-aksie kan intree.

**Jy kan ook help deur 'n bydrae te maak**: bring 'n liter langlewemelk of 'n blikkie kos of 'n pakkie koekies vir die Kosmandjie elke Sondag. Of doen 'n oorplasing en oormerk dit: KOSMANDJIE.

*Kom ons wees die sout, wat smaak gee aan die wêreld om ons!*

*Groetnis*
*DIE KOSMANDJIE*

# SOP VIR HAWELOSES

Aksie Samaritaan word bedryf deur verskeie kerke en gemeentes in Kuilsrivier. Deel van hul bediening is om elke dag sop te verskaf aan die haweloses in die dorp.

Ons gemeente se beurt is elke Donderdag. Die behoefte vir sop raak elke jaar groter. Ons is dus dringend op soek na nog gemeentelede wat kan help om sop te koop. Hoe meer kokers daar is, hoe minder gereeld kry elkeen 'n beurt.

Baie dankie aan almal wat reeds sop koop en bereid is om voort te gaan daarmee.

Indien jy ook geroepe voel om betrokke te raak, kontak gerus die kerkkantoor of vir Miemmie Myburgh by 079 509 4133.

# ORRELIS

De Eike is in biddende afhanklikheid van die Here op soek na 'n nuwe orrelis.
Diensaanvaarding is DV op 1 Maart 2023 of so spoedig moontlik daarna.
Volledige inligting van die pos is op die kennisgewingbord in die voorportaal beskikbaar, sowel as by die kerkkantoor.
Sluitingsdatum vir aansoeke is 6 Februarie 2023.

# PREEKSKETS



**TEMA – KOM ONS VERANDER DIE WÊRELD!**

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Matteus 4:12 – 23

**1. Inleiding.** Daar is tans een woord wat deur baie mense tydens gesprekke gebruik word en ek vermoed dat julle vanoggend verkeerd loop raai. Nee, dit is nie beurtkrag nie maar wel leierskap, of kom ons sê eerder ’n gebrek daaraan. En vriende, hierdie gebrek aan leierskap filter deur tot by die mense wat in die duisternis gelaat word. Swak leierskap word as die normaal beskou. Ons land is ‘n nagmerrie van onvoltooide projekte en leiers bevestig elke keer dat hier geen beplanning is nie. Elke mens sorg eenvoudig net vir homself en omgee vir jou medemens bestaan nie meer nie. Hoe gaan ons die gety draai?

2. **Is daar ’n leier wat vir ons ’n rolmodel kan wees?** In die Bybel word Jesus by uitstek as ’n leier aan ons voorgestel. In Matteus ontmoet ons die onselfsugtige diensbare Jesus. En elke keer gaan dit vir Jesus nie oor Homself nie. Jesus misbruik nie Sy status ter wille van Homself nie, maar ter wille van God se wil, leef Hy dit uit, wat uiteindelik die swaarste ding van alles van Hom sou vra, die kruisdood. Jesus het Sy roeping met integriteit en diensbaarheid enduit uitgeleef.

3. **Ons is ook op Jesus se radar.** Al wat Hy van my vra, is: “Bekeer jou!” Maak reg, draai om, verander van koers, maak ’n U-draai soos die verlore seun. Kry ’n afkeer aan die wêreld se leiers en hul beloftes van kortstondige voordele. Neem ’n daadwerklike besluit en staan op, draai om en keer terug na die Here waar daar hoop en redding is vir ons. Onmoontlik? Niks by die Here is onmoontlik nie. Al wat dit vra, is om met ’n ja te antwoord as die Here my roep om saam met Hom die wêreld te verander! En dit vra nie aardskuddende dade of groot spronge in jou lewe nie. Dit vra eenvoudige leierskap propvol diensbaarheid en liefde. Al wat jy vandag moet onthou is dit: Wanneer jy geroep word om leiding te neem, word jy geroep om diensbaar te wees. Doen net dit, want dan volg jy in die voetspore van Jesus.

4.**Slot.** Kom ons daag mekaar uit deur te sê dat 2023 die jaar is waarin ek uit my gemaksone gaan klim. Jesus my leier wys vir my wat is diensbare leierskap. Nie my wil nie, maar God se wil.